

# PRODUKSIETOESTANDE VERSLAG

25 Mei 2026

Hierdie verslag sal elke 2 weke  
opgedateer word



Gewas toestand  
Crop Condition



Klimaat  
Climate



Vergelyk  
Compare



Opbrenge potensiaal  
Production potential



Gewas opkoms  
Greenup



Kaarte  
Maps



Verslae  
Report

# Indeks

1. 2025 FINALE OPPERVLAKTE BEPLANT EN OESSYFERS
2. 2026 VOORNEME OM TE PLANT
3. DEFINISIES
4. OPSOMMING
5. REËNVAL
6. GRONDVOG INDEKS
7. GEWAS TOESTAND

# 2026 VOORNEME OM TE PLANT



GEWAS	Voorneme*2026	Opp beplant 2025	Finale skatting 2025	Verandering
Ha	Ha		Tons	%
soos op 26 Feb 2026				
(A)	(B)		(C)	(A) ÷ (B)
Koring	486 400	517 300	1 897 220	-5,97%
Gars	101 900	96 950	346 430	5,11%
Kanola	189 175	174 515	309 035	8,40%
Hawermout	39 000	35 520	45 143	9,80%
Soetlupine	21 000	21 000	17 850	0,00%
Totaal winter	837 475	845 285	2 615 678	-0,92%

# 2026 KORING VOORNEME OM TE PLANT



## Koring 2026 voorneme om te plant per provinsie

Provinsie	Voorneme per Ha 2026 (A)	Opp beplant Ha 2025 (B)	Finale Skatting	Jaar-tot-jaar verandering
Wes-Kaap	335 000	363 000	980 100	-8,36%
Noord-Kaap	41 000	40 000	300 000	2,44%
Vrystaat	55 000	57 000	265 050	-3,64%
Oos-Kaap	5 500	5 500	37 400	0,00%
KwaZulu-Natal	8 000	8 500	51 000	-6,25%
Mpumalanga	3 000	3 500	22 400	-16,67%
Limpopo	28 000	28 000	165 200	0,00%
Gauteng	900	800	5 120	11,11%
Noodwes	10 000	11 000	70 950	-10,00%
<b>Totaal</b>	<b>486 400</b>	<b>517 300</b>	<b>1 897 220</b>	<b>-6,35%</b>

*Op 28 Julie sal die voorlopige oppervlakte vir wintergraan wat aangeplant is, deur die Nasionale Oesskattingskomitee vrygestel word.*

# FINALE OPPERVLAKTE BEPLANT EN OESSYFERS VAN WINTERGRAAN VIR DIE 2025-PRODUKSIESEISOEN



GEWAS	FINALE OPPERVLAKTE GEPLANT HA (A)	FINALE OES TON (B)	NOK OPPERVLAKT E GEPLANT HA (C)	NOK FINALE SKATTING TON (D)	FINALE OES vs FINALE SKATTING % (B) ÷ (D)
<b>Koring</b>	517 300	1 905 500	517 300	1 897 220	0,44
<b>Gars</b>	96 950	345 000	96 950	346 430	-0,41
<b>Kanola</b>	174 515	306 000	174 515	309 035	-0,98
<b>Hawer</b>	35 520	43 500	35 520	45 143	-3,64

*Op 28 Julie sal die voorlopige oppervlakte vir wintergraan wat aangeplant is, deur die Nasionale Oesskattingskomitee vrygestel word.*

# Definisies

## **Grondwaterindeks (GWI):**

Dit verteenwoordig 'n oorsig van die grondwaterpersentasie dwarsdeur die groeiseisoen. Dit vergelyk drie periodes: die huidige seisoen, die vorige seisoen en die 5-jaar gemiddelde. Hierdie gemiddelde dien as 'n basislyn wat tipiese grondwatertoestande aandui.

## **Groenblaarindeks (GLI)**

Dit weerspieël gewasgroei en -ontwikkeling deur die seisoen, met toestande oor die meeste winterreënvalstreke bo die 5 jaar gemiddelde.

## **Gewastoestande**

Gewastoestande beskryf die algehele gesondheid en opbrengspotensiaal van gewasse, gebaseer op reënval, grondvog en omgewingsstresfaktore.

*Al die 2026/27 seisoendata is van 20 Maart tot 25 Mei 2026.*

# Opsomming

## **Reënvalpatrone en -tendense**

Wydverspreide reënval het die afgelope paar weke oor die Wes-Kaapse wintergraanproduksiestreke geval, wat oor die algemeen gunstige plant- en vestigingstoestande geskep het. Reënvalverspreiding het egter aansienlik tussen gebiede binne dieselfde streke gewissel. Terwyl sommige produsente ideale opvolgreënval ontvang het, het ander gebiede oormatige reënval ervaar, wat gelei het tot tydelike plantvertragings, waterversadigde lande en gelokaliseerde spoelskade. Die meeste produsente het óf die plantproses voltooi óf is amper klaar, met bykomende reënval wat vir sekere streke voorspel word.

## **Grondvog dinamika**

Grondvogtoestande bly gunstig tot oormatig in die meeste streke. Nat grondtoestande het ontkieming en gewasvestiging ondersteun, hoewel sommige gebiede te nat bly vir bespuiting, kunsmistoediening en die voltooiing van plantaktiwiteite.


## **Gewasopkoms en -toestande**

Gewasopkoms en vroeë ontwikkeling is oor die algemeen goed in alle wintergraanstreke. Koring, gars en kanola kom eweredig op met gesonde groei wat in die meeste gebiede aangemeld word. Plaagdruk bly beperk, met slegs geïsoleerde verslae van slakke- en snywurmbesmettings. Algehele gewastoestande bly gunstig ten spyte van gelokaliseerde reënvalskade in sommige gebiede.




# Reënval vir die afgelope 30 dae/Rainfall for the past 30 days

# Seisoen reënval afwyking/Season rainfall deviation



0-10 mm	10-25 mm	25-50 mm	50-75 mm	75-125 mm	125-175 mm	175-250 mm	>250 mm	Bale Laag Very Low	Middelmatig laag Moderately Low	Effens Laag Slightly Below	Normaal Normal	Effens Hoog Slightly Above	Middelmatig Hoog Moderate Higher	Bale Hoog Well Above
---------	----------	----------	----------	-----------	------------	------------	---------	-----------------------	------------------------------------	-------------------------------	-------------------	-------------------------------	-------------------------------------	-------------------------

# Grondvog Indeks / Soil Water Index



## Suid-Kaap

Grondvogtoestande in die streek is effens en matig bo gemiddeld na wydverspreide reënval in die eerste week van Mei. Lande bly nat maar hanteerbaar, met vogvlakke wat sterk gewasvestiging en vroeë groei ondersteun. Koeler toestande het ook positief bygedra tot gewasontwikkeling. Produsente het aangedui dat die huidige toestande van die beste is wat in onlangse jare ervaar is.


## Swartland

Grondvogtoestande bly ver bo gemiddeld oor groot dele van die streek. Terwyl vogvlakke oor die algemeen gunstig is vir gewasvestiging, het oormatige reënval plantvertragings en operasionele uitdagings in sommige gebiede veroorsaak. Sekere lande het waterskade en swak ontkieming ervaar as gevolg van swaar reënval.

## Overberg

Grondvogtoestande bly effens bo gemiddeld in die streek, met sommige lande wat te nat is as gevolg van onlangse reënval. Toestande is steeds oor die algemeen gunstig vir gewasvestiging, hoewel waterversadigde grond 'n bron van kommer geword het in laagliggende gebiede en in die rigting van die Bredasdorp-vlaktes. Langs sekere rivierstelsels het oorstromings en oormatige afloop gelokaliseerde skade veroorsaak.

# Gewasopkoms per Distrik / Crop Greenup per District



## Suid-Kaap

Gewasopkoms en vroeë vegetatiewe groei vorder goed regoor die streek. Vroeër geplante gewasse toon sterk ontwikkeling, terwyl later geplante lande effens stadiger opkom as gevolg van koeler toestande. In sommige gebiede begin die eerste geplante lande reeds rye toemaak as gevolg van kragtige groei.

## Swartland

Gewasopkoms vorder oor die algemeen goed ten spyte van die nat toestande. Die meeste kanola-, hawer- en koringlande wat vroeër geplant is, het eweredig opgekom en toon gesonde vroeë ontwikkeling. Weidingstoestande verbeter ook as gevolg van gunstige vogbeskikbaarheid.

## Overberg

Gewasopkoms en vroeë gewasontwikkeling vorder goed regoor die streek. Kanola- en koringlande toon goeie vestiging en gesonde vegetatiewe groei. Vroeg geplante lande begin rye toemaak as gevolg van gunstige groeitoestande.

Laag  
Low

Normaal  
Normal

Hoog  
High

# Gewas Toestand / Crop Condition



Leaflet | Icon Map | Tiles © Mapbox © OpenStreetMap



\*Al die data vir die 2026/27 seisoen is vanaf 20 Maart tot 25 Mei 2026

# Gewastoestande

## **Suid-Kaap**

Die meeste plantaktiwiteit is voltooi, en die gewasvestiging is oor die algemeen baie goed. Spuitbedrywigheid het begin waar lande toeganklik is. Kanola, koring en ander gewasse kom eweredig op met gesonde groei wat regdeur die streek aangemeld word. Beperkte plaagdruk is waargeneem. Slakdruk bly laag hierdie seisoen, hoewel geïsoleerde snywurmbesmettings in sommige lande aangemeld is. Sommige wind- en gelokaliseerde rivierverwante skade is in geïsoleerde gebiede opgemerk, veral naby die Langkloof- en Breërivier-gebiede, maar die algehele gewastoestande bly gunstig.

## **Swartland**

Die plantvordering nader voltooiing, hoewel koringaanplantings steeds in sommige gebiede aan die gang is as gevolg van nat toestande. Die meeste ander gewasse is reeds geplant en kom goed op. Kanolatoestande is oor die algemeen positief, met geen groot produksieprobleme aangemeld nie, behalwe vir geïsoleerde slakdruk na die reënval. Producente berei voor om kunsmis- en chemiese toedienings te hervat sodra lande weer toeganklik word. Ten spyte van 'n mate van waterskade en swak ontkieming in geïsoleerde gebiede, bly die algehele gewastoestande gunstig.

## **Overberg**

Die meeste producente het die plantproses voltooi of is nader aan voltooiing. Gewastoestande is oor die algemeen gunstig, met koring en kanola wat goed presteer regdeur die streek. Daar is wel gerapporteer dat daar wel gelokaliseerde slakdruk is, hoewel producente aangedui het dat die probleem minder ernstig is as in vorige seisoene. Spuit- en kunsmistoediening het reeds begin in lande waar toegang moontlik is. Die algehele produksietoestande bly gunstig, met producente wat optimisties is oor die bykomende reënval wat vir die komende weke voorspel word.

# SLAKKE OF NAAKSLAKKE IN U LANDE?

Dr Vicki Tolmay monitor hierdie seisoen slak- en naakslakpopulasies.

Indien u enige aktiwiteit in u lande opmerk, kontak asseblief:

**DR VICKI TOLMAY**



0734690000



**GSA**  
GRAIN | GRAAN

# DANKIE!

---

Vir enige navrae:

Grain SA

[Heleen@grainsa.co.za](mailto:Heleen@grainsa.co.za) / [Cathrine@grainsa.co.za](mailto:Cathrine@grainsa.co.za) / [Gerrit@grainsa.co.za](mailto:Gerrit@grainsa.co.za)

**Vrywaring:** Die inligting hierin is verkry uit verskeie bronne, waarvan Graan SA nie die akkuraatheid en/of volledigheid waarborg nie en waarvoor Graan SA geen aanspreeklikheid aanvaar nie. Enige pryse of vlakke hierin vervat is voorlopig en slegs aanduidend en verteenwoordig nie biedings of aanbiedinge nie. Hierdie aanduidings word slegs vir u inligting en oorweging verskaf.

GRAIN | GRAAN